

KENNISGEWING AAN WERKGEWERS



Hou werkgewers ingelig

Kennisgewing No 1/2005 - Februarie 2005

NUWE INKOMSTE- EN AFTREKKINGSKODES VIR WERKNEMERSBELASTINGSERTIFIKAAT-DOELEINDES

Die **beskrywing** van die volgende bestaande inkomstekodes sal met ingang vanaf **1 Maart 2005 (t.o.v. die 2006 jaar van aanslag)** verander:

- Kode **3704** Verblyftoelae (slegs vir plaaslike reise) waar die toelae die **geagte gespandeerde bedrae oorskry** (kode 3754 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M);
- Kode **3705** Verblyftoelae (slegs vir plaaslike reise) waar die toelae die **geagte gespandeerde bedrae NIE oorskry nie** (kode 3755 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M).

Die huidige daaglikse **geagte gespandeerde bedrae** van toepassing vir die 2005 jaar van aanslag is:

- **R 60** t.o.v. slegs toevallige uitgawes vir plaaslike reise (binne RSA),
- **R 196** t.o.v. etes en toevallige uitgawes vir plaaslike reise (binne RSA), en
- **US\$ 190** t.o.v. etes en toevallige uitgawes vir buitelandse reise (buite RSA).

Werkgewers sal in kennis gestel word van enige wysiging aan die geagte gespandeerde bedrae.

Die volgende **nuwe** inkomste- en aftrekkingskodes vir doeleindes van die uitreiking van werknemersbelastingcertifikate is van toepassing vanaf **1 Maart 2005 (t.o.v. die 2006 jaar van aanslag)** behalwe waar andersins aangedui:

- Kode **3715** - Verblyftoelae (slegs vir buitelandse reise) waar die toelae die **geagte gespandeerde bedrae oorskry** (kode 3765 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M);
- Kode **3716** - Verblyftoelae (slegs vir buitelandse reise) waar die toelae die **geagte gespandeerde bedrae NIE oorskry nie** (kode 3766 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M);
- Kode **3717** - Uitgebreide Werknemersaandeelplan (kode 3767 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M) geldig vanaf die **2005** jaar van aanslag;
- Kode **3718** - Direkteure/Werknemers ekwiteits-instrumente (kode 3768 word gebruik vir buitelandse diensinkomste - aard van persoon M) geldig vanaf die **2005** jaar van aanslag;
- Kode **4018** - Premies **deur 'n werknemer betaal** t.o.v. 'n inkomsteversekeringspolis;
- Kode **4472** - Pensioenfondsbydraes **deur 'n werkgewer betaal** t.o.v. 'n werknemer;
- Kode **4473** - Voorsorgfondsbydraes **deur 'n werkgewer betaal** t.o.v. 'n werknemer;
- Kode **4474** - Mediese skemabydraes **deur 'n werkgewer betaal** t.o.v. 'n werknemer.

Bydraes **deur 'n werkgewer** betaal t.o.v. 'n werknemer (kodes 4472, 4473 en 4474) sluit **NIE** die bydraes deur die werknemer betaal, wat onder kodes 4001 tot 4005 op die IRP5/IB3(a) sertifikate verklaar word, in nie.

Die werkgewerbydraes (kodes 4472, 4473 en 4474) moet **na** die "Werknemersbelastingaftrekkings"-afdeling op elektroniese sertifikate getoon word en **ingesluit word onder** "Aftrekkings" op handgeskrewe sertifikate.

Premies betaal deur werknemers t.o.v. inkomste-versekeringspolis (nuwe kode 4018) moet ingesluit word onder "Aftrekkings" op beide elektroniese en handgeskrewe sertifikate.

PREMIES t.o.v. INKOMSTEVERSEKERINGSPOLIS

Paragraaf 2(4) van die Vierde Bylae tot die Inkomste-belastingwet is met ingang vanaf 1 Maart 2005 gewysig om die aftrekking van premies t.o.v. 'n inkomsteversekeringspolis deur 'n werknemer betaal, vir doeleindes van die berekening van werknemersbelasting, toe te laat. Hierdie aftrekking kan, na die keuse van die werkgewer, toegelaat word, **op voorwaarde dat bewys van die betaling van sodanige premies deur die werknemer aan die werkgewer verskaf is.**

Daar moet op gelet word dat slegs premies betaal t.o.v. van 'n versekeringspolis

- in die mate waarin dit die werknemer dek teen die verlies aan inkomste weens siekte, besering, ongeskiktheid of werkloosheid; en
- ten opsigte waarvan alle bedrae wat ingevolge die polis betaalbaar is, inkomste soos omskryf uitmaak, maar beperk tot die aftrekking waartoe die werknemer ingevolge artikel 11(a) geregtig is, kwalifiseer vir hierdie aftrekking.

ARTIKEL 8B UITGEBREIDE WERKNEMERSAANDELEPLAN

Algemene reëls vir die belastingvrye hantering van aandele deur werknemers verkry ingevolge 'n "uitgebreide werknemersaandeelplan" wat op of na 26 Oktober 2004 deur die direkteur van die maatskappy goedgekeur is, is ingestel. Hierdie reëls maak voorsiening vir die belastingvrye hantering van "kwalifiserende ekwiteitsaandele" deur werknemers verkry alhoewel die aandele kosteloos of teen 'n afslag verkry is.

'n Aandeel moet aan twee vereistes voldoen om 'n "kwalifiserende ekwiteitsaandeel" te wees. Eerstens moet die werknemer die aandeel ingevolge 'n "uitgebreide werknemersaandeelplan" ontvang en tweedens mag die waarde van die totale aandele ontvang ingevolge die plan, nie R 9 000 gedurende enige 36 maande-periode oorskry nie.

'n "Uitgebreide werknemersaandeelplan" van 'n werkgewer beteken 'n plan ingevolge waarvan

- werknemers wat deelneem aan enige ander aandelekema van daardie werkgewer of 'n maatskappy in dieselfde groep van maatskappye as daardie werkgewer, mag nie deelneem nie,
- minstens 90% van alle ander werknemers wat op datum van toekenning op 'n permanente basis by daardie werkgewer in diens is en wat deurlopend op 'n voltydse basis vir minstens 1 jaar in diens was, mag deelneem,
- die werknemers wat die ekwiteitsaandele verkry, geregtig is op alle dividende en volle stemreg met betrekking tot die aandele, en
- geen beperkings op die verkoop van die aandele geplaas is anders as
 - 'n beperking deur wetgewing opgelê,
 - 'n reg van enige persoon om die aandele van die werknemer teen markwaarde te verkry, of
 - 'n beperking ingevolge waarvan die werknemer nie die aandele mag verkoop nie binne 'n tydperk wat nie langer as 5 jaar vanaf datum van toekenning mag wees nie.

Werknemersbelasting sal deur die werkgewer teruggehou moet

word van enige vergoeding wat aan daardie werknemer betaal of betaalbaar is wanneer "kwalifiserende ekwiteitsaandeel" deur die werknemer binne 5 jaar vanaf datum waarop die aandeel toegeken is, verkoop word. Die verkoop binne hierdie tyd word as salaris-ervanging vir belastingdoeleindes geag. Die markwaarde van sodanige aandeel verkoop, soos bepaal op die datum van verkoop, word dus ingesluit in besoldiging - nuwe kode 3717 (3767 vir buitelandse diensinkomste). Om die bedrag aan werknemersbelasting wat deur die werkgewer teruggehou moet word te bereken, moet die markwaarde van die "kwalifiserende ekwiteitsaandeel" verkoop, as 'n jaarlikse betaling geag word.

Indien die werknemer hierdie "kwalifiserende ekwiteitsaandeel" na 5 jaar verkoop, word die wins normaalweg as kapitaal geag en nie as besoldiging nie.

Meer besonderhede kan verkry word in die "Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Act, No 32 of 2004" wat op die SARS webtuiste: www.sars.gov.za onder "Legislation" beskikbaar is.

ARTIKEL 8C DIREKTEURE/WERKNEMERS EKWITEITS-INSTRUMENTE

Ekwiteitsinstrumente deur 'n werkgewer aan werknemers op of na 26 Oktober 2004 voorsien, wat nie onder artikel 8B val nie, of wat verkry is anders as by wyse van die uitoefening van enige reg wat voor daardie datum verleen is en ten opsigte waarvan artikel 8A van toepassing is, moet ingevolge die nuwe artikel 8C van die Inkomstebelastingwet hanteer word.

Ingevolge artikel 8C, moet 'n belastingpligtige enige wins of verlies ten opsigte van die vestiging van enige ekwiteits-instrument in sy/haar inkomste in berekening bring indien sodanige instrument as gevolg van sy/haar diens of amp as direkteur van enige maatskappy, verkry is.

Enige wins vasgestel ingevolge artikel 8C is ingesluit in besoldiging en is dus onderhewig aan werknemersbelasting. Werkgewers moet op 'n IRP 3(a) vorm by SARS aansoek doen vir 'n belastingaanwysing, om die bedrag aan werknemersbelasting wat teruggehou moet word t.o.v. sodanige wins, vas te stel. Die nuwe inkomstekode wat op die betrokke IRP 5/IT 3(a) sertifikaat gebruik moet word vir artikel 8C winste, is 3718 (3768 vir buitelandse diensinkomste).

Meer besonderhede met betrekking tot die berekening van die wins op die vestiging van beperkte en onbeperkte ekwiteitsinstrumente is in bogenoemde "Explanatory Memorandum" beskikbaar.

TYDELIKE WERKNEMERS

Neem kennis dat nuwe reëls voorgeskryf is ingevolge paragraaf 9 van die Vierde Bylae tot die Inkomstebelastingwet. Tydelike werknemers (bv. huiswerkers, plaaswerkers, ens.) is nie onderhewig aan werknemersbelastingaftrekkings nie indien sodanige werknemer ten minste 5 ure op 'n spesifieke dag werk en minder as R123 vir die spesifieke dag verdien.

DIREKTEURVERGOEDING

Soos voorheen berig, is 'n verligtingsmaatreeël met ingang 1 Maart 2004 ingestel om direkteure onder sekere omstandighede van die formule vir die berekening van geagte besoldiging uit te sluit. Paragraaf 11C(6) van die Vierde Bylae tot die Inkomstebelastingwet bepaal dat werknemersbelasting vasgestel moet word op werklike besoldiging verdien waar die vaste maandelikse betalings gedurende die vorige jaar van aanslag 75% van die direkteur se totale besoldiging vir daardie jaar van aanslag oorskry.

KONTAK SARS: Indien werkgewers navrae het in verband met LBS, SDL en UIF-bydraes moet hulle plaaslike SARS takkantoor gekontak word. Addisionele inligting kan op die SARS webtuiste www.sars.gov.za verkry word.

Nota: Waar die besoldiging vir die vorige jaar van aanslag nog nie gefinaliseer is nie, sal bogenoemde verligtingsmaatreeël nie van toepassing wees nie.

Daar moet op gelet word dat bonusse waarvan die waarde in 'n latere jaar van aanslag bepaal word, maar wat in 'n vorige jaar van aanslag toegeval het, nie aan werknemersbelasting onderhewig is nie, ongeag of werknemersbelasting op werklike of geagte besoldiging bepaal word.

ALGEMEEN

UIF-BYDRAES BETAALBAAR AAN SARS OF UIF

Werkgewers moet asseblief verseker dat UIF-bydraes aan die korrekte instelling betaal word.

- Werkgewers wie aanspreeklik is om by SARS te registreer vir LBS en/of SDL moet die bydraes aan SARS betaal.
- Werkgewers wie nie aanspreeklik is om by SARS te registreer vir LBS en/of SDL nie, moet registreer by en bydraes betaal aan die **UI-Kommissaris**.

Die betaling van bydraes aan die verkeerde instelling kan die betaling van voordele vertraag en sal veroorsaak dat boete en rente gehef word op betalings wat laat deur die korrekte instelling ontvang word.

EMP 201 OPGAWE AANTAL LBS WERKNEMERS

Werkgewers word weereens versoek om die twee addisionele velde t.o.v. die **getal werknemers permanent in diens en nie-permanente in diens**, wat by die maandelikse EMP 201 opgawe gevoeg is, te voltooi.

Besonderhede in hierdie verband is op die rugkant van die maandelikse EMP 201 opgawe, onder notas vir invul van opgawe, beskikbaar.

INDIENING VAN KORREKTE EMP 201 OPGAWES

SARS reik maandeliks opgawes aan werkgewers uit waarop, onder andere, die **maand** waarvoor die opgawe uitgereik is, gedruk is. Om te voorkom dat opgawes en betalings vir verkeerde maande verwerk word, **word werkgewers versoek om te verseker dat 'n opgawe uitgereik vir 'n spesifieke maand, voltooi en ingedien word alleenlik vir daardie betrokke maand.**

IRP 204/208 SPESIALE VERSOEKE

Spesiale versoeke is gedurende November 2004 uitgereik om werkgewers op uitstaande opgawes en betalings te wys.

Werkgewers word versoek om onverwyld voltooide uitstaande opgawes en betalings in te dien. Waar sodanige opgawes en betalings reeds ingedien is, moet werkgewers besonderhede van sodanige indienings aan hul plaaslike SARS takkantore voorsien.

RENTE HEFBAAR OP UITSTAANDE SKULD

Die rentekoers van toepassing op uitstaande LBS, SDL en/of UIF-bydraes betaalbaar, is met ingang van 1 November 2004 van 11.5% na 10.5% per jaar verlaag.

RENTEKOERS VIR BYVOORDELEDOELEINDES

Die amptelike rentekoers vir byvoordeledeleindes is met ingang van 1 September 2004 van 9% na 8.5% per jaar verlaag.

E-FILING

Het u geweet dat u opgawes en betalings gratis elektronies deur e-filing kan indien? Vir meer inligting, besoek www.sarsefiling.gov.za of skakel **0860709709** of stuur 'n e-pos aan info@sarsefiling.co.za.